Les 3: "Sibling Rivalry"

'n Les gemik op pre-tieners (gr 4-7)

Skrifgedeelte: Genesis 25: 19-28

Doel: Dat kinders sal besef dat sibling rivalry gebeur, maar dat God ons kan help om ons sibbe te aanvaar (al verskil ons hoe van mekaar) en lief te hê.

Inleiding:

"Tug of war" (toutrek)

- Benodig maskeerband (Masking tape) en 'n groot bandhanddoek
- Plak 2 maskeerbandstrepe een meter uit mekaar
- Twee vrywilligers gaan toutrek met die bad-handdoek
- Die wenner is die een wat dit regkry om die ander een oor die streep te trek.
- Laat vrywilligers dit 'n paar keer doen.

Debriefing:

Vra die volgende vrae:

- Vir die wenners – hoe het dit gevoel om te wen?
- Vir die verloorders – hoe het dit gevoel om te verloor?
- Laat hierdie "game" jou dink aan jou verhouding met jou broers en susters? Verduidelik hoekom jy so sê.

Dramatisering:

Kinders dramatiseer die volgende "real life events" vir die grootgroep. (2 praatborrels regs)

Die klikbek

Marco en Kayla is 'n tweeling. Hulle is in graad 5. Marco hou daarvan om stories van Kayla aan te dra wat hom goed en haar sleg laat lyk by hul ouers. Onlangs het Marco gesorg dat hy eerste by die huis aankom en met genoegdoening vertel dat Kayla in GROOT moeilikheid by die skool is, want haar klas het geraas en Meneer (die skoolhoof) het vir Kayla laat roep. Hy is seker Kayla moet vir die volgende vier weke detensie sit by die skool en dis niks minder as reg dat sy by die huis ook gestraf word nie. Hy stel voor haar selfoon moet afgeneem word en dat sy nie die rekenaar mag gebruik vir Facebook en speletjies nie. Toe Kayla by die huis kom, wag haar ouers haar in en konfronteer haar met dit wat Marco van haar vertel het. Kayla was woedend, want dit was nie die waarheid nie. Sy was briesend omdat haar boetie haar weer eens in die moeilikheid wou bring – net om rekenaartyd te "score" en om guns te wen by hul ouers. Toe sy vir Marco in die hande kry, is daar grootskaalse oorlog...

Die maskeerband oorlog

Twee sussies Cara en Zita deel 'n kamer. Cara is in graad 6 en Zita is in graad 4. Cara is pynlik netjies en baie presies op haar goed. Haar huiswerk en take word altyd betyds ingedien en sy kry altyd hoë punte, want sy doen baie moeite daarmee. Zita daarenteen is 'n dromer en is baie vergeetagtig, maar sy is baie kreatief. Haar deel van die kamer lyk soos 'n ontploffing. Sy het nooit iets om aan te trek nie, want haar klere lê orals rond. Sy vergeet ook gedurig om vuil klere in die wasgoedmandjie te gooi. Haar skoolwerk is 'n verhaal op sy eie. Sy sal veel eerder prentjies teken as huiswerk doen. Dit gebeur gereeld dat Zita Cara se klere sonder toestemming leen, want sy het nie skoon klere van haar eie nie. Dit maak Cara briesend. Wat dinge vererger, is dat Zita Cara se potlode en koki's gebruik, maar nooit op hulle plek terugsit nie. Dit het nou al vir Cara gedryf dat sy 'n masking tape streep geplak het reg in die middel van hulle kamer, want sy wil nie vir Zita in haar deel van die kamer hê nie.

Wanneer Zita oor die streep gaan, is daar grootskaalse oorlog...

Debrief:

Praat twee-twee saam oor die volgende en gee terugvoer in die grootgroep:

• Watter raad sal jy vir Cara gee om vir Zita te aanvaar vir wie sy is, maar sonder dat Cara voel dat sy te nagekom word deur Zita?
• Watter raad sal jy vir Zita gee om in ag te neem dat haar sussie baie anders as sy is en dat sy daardie andersheid moet respekteer?
• Hoe moet hierdie twee baie verskillende sussies saamleef in een kamer sonder dat hulle elke keer opeindig in grootskaalse oorlog?

• Watter raad sal jy vir Kayla gee om haar te help om te verstaan dat haar boetie dalk 'n probleem het en dat sy hom kan help deur nie kwaad te word nie vir hom nie. Al was hy moedswillig en het sy niks verkeerds gedoen nie, wat kan sy doen sodat hulle nie gedurig opeindig in grootskaalse oorlog nie?
• Watter raad kan jy vir Marco gee om goed te voel oor homself sonder dat hy sy sussie te na kom?
• Hoe kan hierdie tweeling leer om 'n span te word wat saamwerk en wat nie teen mekaar werk nie?

In die Woord:

Vrywilligers lees die volgende gedeelte – Genesis 25:19-28 (Die Bybel@kinders)

Isak was 40 jaar oud toe hy met Rebekka getrou het. Hulle kon eers nie kinders hê nie. Isak het ernstig gebid en gevra dat die Here hom en Rebekka moet help. Die Here het sy gebed gehoor en Rebekka het swanger geword. Sy het 'n tweeling verwag. Sy het gevoel die tweeling stamp aan mekaar binne-in haar en het gewonder wat aangaan. Dit het haar eintlik skrikkerig gemaak. Sy het toe daaroor gebid. Die Here het vir haar gesê: "Die tweeling binne-in jou sal die leiers van twee volke word. Die twee volke sal nie van mekaar hou nie. Die een volk sal sterker wees as die ander. Die oudste een sal die jongste een moet gehoorsaam." Nie lank daarna nie, is Rebekka se tweeling gebore. Dit was twee seuntjies. Die eerste een is gebore. Sy hare was rooi en hy was harig. Hy is Esau genoem. Sy bynaam was Edom. Edom beteken rooi. Toe die tweede een gebore is, het sy hand sy boetie se haksteen vasgehou. Hulle het hom Jakob genoem. Jakob beteken iemand wat aan die haksteen vashou. Isak was sestig jaar oud toe die twee seuns gebore is.
Die twee seuns het grootgeword. Esau het 'n jagter geword. Hy was lief vir die veld. Jakob het veel eerder sy ma by die huis gehelp. Esau was Isak se witbroodjie, want Isak was lief vir wildsvleis en Jakob was weer Rebekka se witbroodjie.

Gesprek:

Praat twee-twee saam oor die volgende en gee terugvoer in die grootgroep:

• Die feit dat hierdie tweeling so verskillend was van mekaar en dat die een die pa se witbroodjie en die ander een die ma se witbroodjie was, sou dit kon aanleiding gee tot grootskaalse oorlog tussen die twee? Motiveer jou antwoord?

• Hoe wil God hê ons moet optree teenoor ons broers en susters? Soek die volgende verse en lees dit. Kies twee verse en skryf die raad wat 'n baie wyse man vir ons hieroor gee, neer. (Gee vir elke kind pen en papier.) Plak dit op 'n plek waar jy dit kan sien.

Spreuke 15:1
Spreuke 17:9
Spreuke 10:12
Jakobus 1:19
Romeine 12:16
Romeine 12:17
Romeine 12:18
Romeine 12:19
Romeine 12:21

Sluit af met gebed.